# HOOFSTUK XI.

## PLAASVERVANGING VAN DIE STAATSPRESIDENT.

### 1. Geen permanente vise-staatspresident in die Z.A.R. en O.V.S.

Voor 1877 is daar in die Z.A.R. geen voorsiening vir 'n amp van 'n permanente vise-staatspresident gemaak nie, terwyl tydens die hele bestaan van die Republiek van die O.V.S. daar geen sodanige amp in die lewe geroep is nie.

In 1855 het Jacobus Stuart en die komitee wat hom bygestaan het om 'n grondwet vir die Z.A.R. te ontwerp, aanbeveel dat die Republiek ook 'n permanente vise-staatspresident, wat tewens lid van die staatsraad sou wees, moes hê. Net soos die staatspresident, moes die vise-staatspresident ook deur die hele volk gekies word en sou hy die amp vir vyf jaar beklee. Hierdie aanbeveling is in November 1855 aanvaar en terselfdertyd is ook 'n vise-staatspresident in die persoon van W.F.Joubert, kommandant-generaal van Lydenburg, aangewys.[1] Joubert het hierdie betrekking egter slegs vir een dag beklee.[2] In Mei 1856 het die Pretoriase Kommissieraad nie weer vir 'n soortgelyke amp voorsiening gemaak nie[3] en in die finale Grondwet van die Z.A.R. word daar ook nie van so 'n amp gespreek nie.

### (a) Oudste lid van Uitvoerende Raad tree in Z.A.R. as plaasvervanger van staatspresident op.

Die opstellers van die Grondwet van die Z.A.R. het egter besef dat daar op een of ander wyse vir 'n plaasvervanger voorsiening gemaak moes word ingeval die president nie in staat sou wees om sy pligte te vervul nie. Gevolglik is die onderstaande bepaling in die Grondwet[4] ingesluit:

> "Ingeval van ontzetting van zyn post, dood, ontslag of onbekwaamheid om zyne betrekking te vervullen, zal deze worden toevertrouwd aan den oudsten der leden van den Uitvoerenden Raad, welke soo spoedig mogelyk zal kennis geven aan den Volksraad, om te voorzien in den opengevallen plaats."

---

[1] Kyk bl. 207 van hierdie werk.

[2] Ibid., bll. 208 en 230.

[3] Ibid., bll.230-231.

[4] Grondwet, 1858, art. 64.

Dit is opmerklik dat in hierdie artikel nie gespreek word van welke reëlings sou getref word indien die president met verlof uit die land afwesig sou wees nie, en dit was juis die eerste geval waarmee die Z.A.R. te doen gekry het. Kort na die aanvaarding van die presidentsamp het Pretorius op 18 Februarie 1857 ooreenkomstig 'n besluit van die Kommissieraad na die O.V.S. vertrek.[5] In verband met die plaasvervanging van die President is blykbaar ook volgens die hierbo aangehaalde artikel gehandel en het H.S.Lombaard, lid van die Uitvoerende Raad, tydens Pretorius se afwesigheid as waarnemende president opgetree. Volgens die Volksraadsnotule het die Volksraad geen besluit te dien effekte geneem nie en geen ander gegewens kon gevind word deur wie Lombaard tot die betrekking benoem is nie. Tog het dit uit die verdere geskiedenis van die Z.A.R. geblyk dat die Volksraad telkens, as dit nodig was dat 'n waarnemende of fungerende president[6] moes optree, dit as sy plig beskou het om so 'n persoon tot die amp te benoem. Die volgende paar gevalle word slegs as voorbeelde aangehaal.

Toe Pretorius in 1860 van die Volksraad van die Z.A.R. vir ses maande verlof ontvang het om na die O.V.S. te gaan,[7] was dit die Volksraad wat besluit het dat uitvoerende raadslid J.H.Grobler tydens Pretorius se afwesigheid as president sou ageer.[8] Waarnemende president Grobler het egter kort daarna van hierdie prosedure afgewyk toe hy na die Buffelsrivier-gebied vertrek het en vir W.C.Janse van Rensburg in sy plek as fungerende president benoem het.[9]

---

[5] Kyk bl.221 van hierdie werk.

[6] Die benamings <u>waarnemende president</u> en <u>fungerende president</u> is afwisselend in die Z.A.R. gebruik, maar in 1871 is besluit dat alleen van <u>fungerende staatspresident</u> gespreek sou word. (E.V.R.10: Volksraadsnotule, art. 378, 28 Nov. 1871)

[7] Volksraadsnotule, art. 10, 1 Feb. 1860. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.4, bl. 36).

[8] Ibid., art. 14, 1 Feb. 1860 (ibid., bl. 37). Volgens hierdie artikel, wat nie baie duidelik in dié verband spreek nie, wil dit voorkom of die Volksraad eers besluit het dat W.C.Janse van Rensburg, lid van die Uitvoerende Raad, die betrekking moes beklee. Sy versoek om daarvan verskoon te word, is egter deur die Volksraad aanvaar.

[9] R.3767/60: Fung. pres. J.H.Grobler aan W.C.Janse van Rensburg, d.d. 25 Mei 1860.

Met die benoeming van Grobler as waarnemende president het die Volksraad al dadelik teen die bepaling van artikel 64 van die Grondwet gehandel, indien hierdie bepaling ook ten opsigte van afwesigheid met verlof van die president gegeld het. Ooreenkomstig hierdie artikel moes kommandant-generaal Stephanus Schoeman, wat die oudste lid van die Uitvoerende Raad was, as sodanig geageer het. Hierdie benoeming het dan ook vir Schoeman dwars in die krop gesteek en hy het besluit om die onreg, hom aangedoen, aan die volk bekend te maak. Dit het hy gedoen deur vergaderings te hou en memories deur die volk te laat onderteken waarin geëis word dat die waarnemende presidentskap deur Schoeman beklee moes word.[10] Van verskeie kante het memories by die Volksraad ingekom. Pretoriase burgers het sonder meer versoek dat Schoeman sy plek as fungerende president moes inneem.[11] 'n Vergadering van Potchefstroomse burgers het, nadat verskeie sprekers hulle toegespreek het, hulle besluite in 'n veel krasser bewoording aan die Volksraad bekend gemaak:

> "Uit hoofde de Volksraad het vertrouwen des volks heeft geschonden door tegen de grondwet te handelen met het aanstellen van den Heer Grobler tot fungerend president en daardoor eene grove beleediging aan den Commandant-Generaal, de WelEd. Gestr. Heer Schoeman als het oudste lid van den Uitvoerenden Raad heeft aangedaan strydig met art. 64 van de Grondwet niettegenstaande de memorie, door drie invloedryke veldcornets, waarvan twee uit het district Pretoria met nog meer achtenswaardige ingezetenen ondergeteekend, welke daartegen stemden ... zoo wordt voorgesteld om de reeds bestaande ontevredenheid onder het volktegen te gaan en een algemeen genoegen aan hetzelve te geven, dat de Commandant-Generaal de WelEd Gestr. Heer Schoeman als fungerende President dezer Republiek zal worden aangesteld tot de terugkomst van den HEd. Heer Pretorius, als wanneer door eene nieuwe kiezing eene andere Volksraad, zal worden benoemd." 12)

---

10) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Z.A.R., bll. 123-134.

11) R.4032/60: Memorie van J.I.Rademeyer en 17 burgers, d.d. Pretoria, 26 Sept. 1860.

12) R.4066/60: Tweede voorstel vervat in verslag van voorstelle en besluite geneem op 'n openbare vergadering van stemgeregtigde burgers, Potchefstroom, 9 Okt.1860. Hierdie stuk is onderteken deur 162 persone.(Gepubliseer in S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, bll. 388 e.v.). Vgl. ook die volgende soortgelyke memories: E.V.R.105A, bll. 67-72 (ibid., bl. 392), onderteken deur 48 persone; E.V.R.105A, bll. 77-80 (ibid., bl. 393), met 38 handtekeninge.

Die gevoelens van die volk het so hoog teen Grobler as waarnemende staatspresident gestyg dat in November 1860 selfs 'n aanslag op sy lewe gewaag is, waarop kommandant-generaal Schoeman gelas is om aan die Waarnemende President die nodige beskerming te verleen.[13] Schoeman het onverwyld na Potchefstroom gegaan, waar hy op 29 November gearriveer het. Van beskerming van die Waarnemende President was daar egter geen sprake nie, want op 30 November het die volgelinge van Schoeman besluit om Grobler nie meer as waarnemende president te erken nie en dat Schoeman in sy plek benoem moes word.[14] Hierdie besluit is geneem na aanleiding van die reeds ingekome memories van burgers aan die Volksraad waarin soortgelyke versoeke vervat was. Vanweë hierdie verwikkelinge het Grobler sy bedanking as waarnemende president by die Uitvoerende Raad te Pretoria ingedien en was die Uitvoerende Raad verplig om vir Schoeman op 6 Desember 1860 as waarnemende president van die Z.A.R. te benoem.[15] Schoeman, wat onmiddellik in hierdie hoedanigheid begin optree het, het 'n byeenkoms van burgers belê, wat op 14 Januarie te Pretoria moes byeenkom.[16] Hierdie verwikkelinge het 'n hele verwarring in die Z.A.R. bewerkstellig en burgeroorlog het gedreig.[17] In April 1862 het die Volksraad hom verplig gevoel om Schoeman uit sy drieledige betrekking van waarnemende president, kommandant-generaal en Uitvoerende Raadslid te skors en in 'n staat van beskuldiging te stel om deur die Hooggeregshof verhoor te word.[18] Hierdie besluit is gevolg deur die benoeming deur die Volksraad van W.C.Janse van Rensburg as fungerende president tot tyd en wyl daar vir 'n president voorsiening gemaak sou wees.[19]

---

13) Van Heerden: a.w., bl. 126.

14) R.4162/60: Verslag van byeenkoms, Potchefstroom, 30 Nov. 1860. Kyk ook Van Heerden: a.w., bl. 126.

15) De Zuid-Afrikaan, 7 Maart 1861: Verslag van Pretorias byeenkoms gehou op 14 Jan. 1861 (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, bl.84); Van Heerden: t.a.p., bl.127.

16) De Zuid-Afrikaan, ibid., Van Heerden: ibid., bll. 127-128.

17) Vir besonderhede, kyk Van Heerden: ibid., bll.128-130.

18) Ibid., bl. 130.

19) Volksraadsnotule, art. 89, 18 April 1862. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, bll. 126-127).

Hierdie besluite het nie rus en vrede in die staat gebring nie want Schoeman was glad nie van plan om hom aan die nuwe reëlings te onderwerp nie.[20] Burgerstryd het gevolg totdat in 1863 W.C.Janse van Rensburg, en in 1864, M.W.Pretorius weereens as president van die Z.A.R. gekies is.[21]

Toe hierdie hele aangeleentheid in 1864 deur staatsprokureur C.Moll, distriksprokureur J.Franck en fungerende distriksprokureur J.van Eck ondersoek is in verband met die blaam van onkonstitusionele handeling wat op die Volksraad gerus het, het hulle tot die slotsom gekom dat die Volksraad nie in stryd met die ~~Volksraad~~ Grondwet gehandel het toe Grobler in 1860 as fungerende president benoem is nie. Hulle redenasie, wat kortliks op die volgende neerkom, skyn heeltemal logies te wees. Aangesien Stephanus Schoeman alreeds kommandant-generaal was, kon hy nie as fungerende president benoem word nie want dit sou in stryd wees met artikel 63 van die Grondwet, waarin bepaal word dat 'n president van die Z.A.R. tydens sy presidentskap geen ander betrekking mog beklee nie. Aangesien Van Rensburg, wat tweede keuse was, se besware deur die Volksraad aanvaar is, was dit vanselfsprekend dat Grobler tot dié amp benoem moes word deur die Volksraad. Trouens, die Volksraad is selfs deur president Pretorius versoek dat Grobler tydens sy afwesigheid as waarnemende president moes optree. Verder gaan die regsamptenare van die standpunt uit dat aangesien artikel 64 van die Grondwet alleen spreek van dood of ontslag van die staatspresident, in welke geval die oudste lid van die Uitvoerende Raad in

---

20) Die brief van die Volksraad aan Schoeman, waarin hy van sy skorsing in kennis gestel is, was gerig aan "den WelEd. heer St. Schoeman." Schoeman het hierdie brief ingeopend met die afleweringsbode teruggestuur tesame met die boodskap dat die "heer Schoeman" aan hom onbekend is en dat hy alleen die "fungerende president en kommandant-generaal Schoeman" ken. (Volksraadsnotule, art. 85, 18 April 1862 - <u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.4, bl. 126.) Kyk ook Volksraadsnotule, art.93, 18 April 1862 ( Ibid., bl. 128). Selfs na hierdie besluit het Schoeman homself nog as fungerende president beskou. In Mei 1862 het hy bv. tydens die tyd wat hy van die regeringsetel afwesig sou wees, vir Uitvoerende Raadslid A.F.du Toit in sy plek as fungerende president benoem. (E.V.R.109A, bl.62; E.V.R.109B, bl. 63. Albei hierdie stukke is tussen die inkomende stukke aan die Volksraad van 1866 ingebind).

21) Vir besonderhede, kyk Van Heerden: a.w., bll. 131-144.

waarnemende hoedanigheid moes ageer, dit nie ook in gevalle waar die president met verlof afwesig is, noodwendig hoef te wees nie.[22]

Tydens Pretorius se verdere presidentskap het die benoeming van 'n fungerende staatspresident geen verdere moeilikheid gegee nie, en is telkens die oudste lid van die Uitvoerende Raad tot die betrekking benoem. Tot met Pretorius se bedanking in 1871 is hierdie pligte steeds deur M.J.Viljoen vervul. Na die bedanking van Pretorius het die Volksraad vir D.J.Erasmus gekies om as waarnemende staatspresident die bewindsteuels oor te neem.[23] Ook in hierdie geval is die oudste lid van die Uitvoerende Raad gekies,[24] en is sy plek as lid van die Uitvoerende Raad ingeneem deur M.W.Vorster.[25] In 1872 is M.W.Vorster op versoek van president Burgers tot waarnemende staatspresident van die Z.A.R. deur die Volksraad gekies.[26] Dit was ook die geval in 1873.[27]

In 1874 is egter geheel en al van die tot dusver gevolgde prosedure afgewyk en is heeltemal 'n ander interpretasie aan artikel 64 van die Grondwet gegee. Nadat die Volksraad besluit het om president Burgers in verband met die spoorwegkwessie na Europa af te vaardig, het die kwessie van die waarneming van die amp van staatspresident vanselfsprekend ter sprake gekom. Na voorbeeld van wat tydens die siekte van president Brand in die O.V.S. gebeur het, naamlik dat 'n kommissie van drie lede in sy plek benoem is,[28] het president Burgers aan die Volksraad voorgestel dat sy plek deur 'n driemanskap ingeneem moes word.[29] Die Volksraad het onmiddellik

---

22) R.191/64: Rapport van Staatsprokureur en Distriksprokureurs van Rustenburg en Potchefstroom, deur die Volksraad benoem om die beskuldiginge teen die "oude" Volksraad en Uitvoerende Raad ingebring te ondersoek, d.d. Pretoria, 5 April 1864.

23) E.V.R.10: Volksraadsnotule, art. 356, 21 Nov. 1871.

24) Ibid., art. 355a, 20 Nov. 1871.

25) Ibid., art. 359, 21 Nov. 1871.

26) E.V.R.11: Volksraadsnotule, art. 186, 5 Aug. 1872. Of Vorster op dié tydstip die oudste lid van die Uitvoerende Raad was, kon ongelukkig nie vasgestel word nie.

27) Volksraadsnotule, art. 169, 14 Junie 1873 (Byvoegsel tot Staatscourant, 22 Julie 1873).

28) Kyk bl.490 van hierdie werk.

29) Hierdie gegewens word ontleen aan die verslag in De Volksstem, 21 Nov. 1874 (hoofartikel). Kyk ook Volksraadsnotule, art. 258, 17 Nov.1874 (Byvoegsel tot Staatscourant, 9 Des. 1874). Die Notule bevat nie soveel besonderhede as die koerant-artikel nie.

teen so 'n reëling beswaar geopper en het daarop aangedring dat volgens die vereiste van die Grondwet die oudste lid van die Uitvoerende Raad as waarnemende staatspresident moes optree. Op hierdie stadium is artikel 64 van die Grondwet egter so verklaar dat dit nie aan die oudste lid van die Uitvoerende Raad die waarnemende presidentsamp opdra nie, dog dat dit alleen op die oudste lid van die Uitvoerende Raad die verpligting lê om die Volksraad byeen te roep sodat laasgenoemde liggaam die nodige voorsiening kon maak. Hierdie interpretasie het die goedkeuring van die hele Volksraad weggedra en op 'n suggestie van president Burgers self is die voorsitter van die Volksraad, P.J.Joubert, met algemene stemme deur die Volksraad as waarnemende president aangewys. Hierdie handelswyse is deur <u>De Volksstem</u> toegejuig as die wysste plan wat die Volksraad kon volg.

President Burgers was ook die man wat aan die Volksraad voorgestel het dat daar 'n vise-president vir die Z.A.R. moes wees. Daaroor handel ons egter later.[30)]

(b) <u>Inswering van die waarnemende staatspresident van die Z.A.R. voor 1877.</u>

Hoewel geen voorsiening deur die wette vir die inswering van die waarnemende staatspresident van die Z.A.R. gemaak is nie, het die Volksraad artikel 84 van die Grondwet ook in dié opsig as van toepassing beskou, sodat die reëling gehandhaaf is dat ook die waarnemende president die ampseed wat vir die staatspresident voorgeskryf is, voor die Volksraad moes aflê. Van die beëdiging van Waarnemende Staatspresidente voor 1862 lees ons egter niks, maar met die benoeming van Van Rensburg na die skorsing van Schoeman,[31)] is deur die sekretaris van die Volksraad aangeteken dat Van Rensburg die ampseed, vervat in artikel 84 van die Grondwet, in hande van die Volksraad afgelê het.[32)] Toe Van Rensburg in 1863 weer as fungerende president benoem is, het die Volksraad hom weereens kennis gegee om op 'n sekere tyd in die Volksraad te verskyn ten einde die eed af te lê.[33)]

---

30) Kyk paragraaf 2 van hierdie hoofstuk.

31) Kyk hierbo, bl.481

32) Volksraadsnotule, art. 90, 18 April 1862 (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.4, bl. 127).

33) R.823/63: Voorsitter en sekretaris van Volksraad aan fungerende president van Rensburg, d.d. 22 Okt.1863.

Hierdie reël is deurgaans gehandhaaf maar in 1872 het die inswering van waarnemende president Vorster moeilikheid opgelewer omdat die Volksraad daartydens nie in sitting sou wees nie. Gevolglik het die Volksraad besluit dat die inswering deur die voorsitter en minstens twee lede van die Volksraad te Pretoria moes geskied, en wel wanneer van die sekretaris van die Uitvoerende Raad kennis ontvang is dat die Staatspresident die land verlaat het.[34] By hierdie inswering was die voorsitter, sekretaris en vier lede van die Volksraad teenwoordig.[35]

Terselfdertyd toe die Volksraad so radikaal van die gewoonte afgewyk het deur die voorsitter van die Volksraad tot waarnemende president te kies,[36] het die liggaam met betrekking tot die inswering van die nuutgekose plaasvervanger ʼn ewe rewolusionêre besluit geneem, naamlik dat die Staatspresident die Waarnemende President vóór sy vertrek as sodanig moes insweer.[37] Waar die inswering van die vorige Waarnemende Presidente sommer tydens die Volksraadsittinge plaasgevind het, en die verrigtinge daarná gewoonweg voortgesit is, was die inswering van Joubert op Dinsdag, 12 Januarie 1875 ʼn hele plegtigheid wat nie onopgemerk verbygegaan kan word nie omdat dit die enigste van sy soort in die geskiedenis van die Z.A.R. was.

Om tienuur die oggend het ʼn groot aantal persone van die publiek, waaronder ook dames was, alreeds hulle plekke in die Volksraadsaal, waar die beëdiging sou plaasvind, ingeneem. Teenwoordig was ook die hoof- en ander amptenare, die Landdroste van Wakkerstroom en Pretoria, albei geklee in hulle offisiële drag, en ʼn aantal prokureurs, almal geklee in professionele drag. Die Volksraad was verteenwoordig deur die here Lys en De Vries. Om halfelf het die Waarnemende Staatspresident, gevolg deur die lede van die Uitvoerende Raad en president Burgers die saal binnegekom. Laasgenoemde het dadelik

---

34) E.V.R.11: Volksraadsnotule, art. 187, 5 Aug. 1872.

35) E.V.R.11, bll. 152-153: Notule van Kommissie-volksraad, 16 Sept. 1872.

36) Kyk bll. 483-484 hierbo.

37) Volksraadsnotule, art. 258, 17 Nov. 1874 (Byvoegsel tot Staatscourant, 9 Des. 1874).

op die tribune plaasgeneem en die Waarnemende Staatssekretaris versoek om die Volksraadsbesluit in verband met die beëdiging sowel as die ampseed voor te lees, waarna P.J.Joubert op 'n plegtige en indrukwekkende wyse die vereiste eed afgelê het.[38] Daarna het president Burgers 'n ernstige toespraak gehou, waarin hy o.a. die beëdigde Waarnemende President namens die volk van die Z.A.R., die Regering en namens homself van harte gelukgewens het.[39] Nadat die President klaar gepraat het, is een-en-twintig kanonskote afgevuur terwyl Uitvoerende Raadslid Fourie die woord gevoer het. Vir die rapporteur was dit vanweë die kanongebulder nie moontlik om alles te hoor wat hy gesê het nie.[40] Nadat president Burgers veral die dames vir hulle teenwoordigheid bedank het, asook die Uitvoerende Raad, het hy die bewind van die Z.A.R. aan Joubert oorhandig. Drie juigkrete het gevolg, waarmee die funksie afgeloop was. Amptenare en vriende van Joubert het agtergebly om die Waarnemende President geluk te wens, waarná hulle op uitnodiging van Joubert na die huis van J.J.Meintjes vertrek het,

> "waar eenige glazen champagne op zyne gezondheid geledigd en andere toasten geslagen werd." 41).

(c) <u>Salaris van waarnemende staatspresident in die Z.A.R. voor 1877</u>.

Wat die posisie in verband met salaris van die waarnemende president tydens die aanvangsjare van die Z.A.R. was, kon nie vasgestel word nie. In 1863 het Van Rensburg slegs van sy traktement gepraat[42] en is dit nie duidelik of hy daarmee sy traktement as lid van die Uitvoerende Raad bedoel het, en of hy as waarnemende president 'n spesiale traktement geniet het nie. Met die benoeming van M.W.Vorster tot waarnemende president in 1872 is 'n definitiewe besluit aangaande die salariskwessie geneem toe aan hom vir die tydperk wat hy sou ageer dieselfde salaris as wat die Staatspresident ontvang

38) De Volksstem, 16 Jan. 1875 (Verslag van verrigtinge).
39) Ibid. Die toespraak is ook gepubliseer deur Engelbrecht in sy T.F.Burgers, bll. 158-160.
40) Ibid.
41) De Volksstem, 16 Jan. 1875 (Verslag van verrigtinge).
42) V.R.519/63: Fungerende president Van Rensburg aan Volksraad, d.d. 30 Mei 1863 (S.A.Argiefstukke, Tvl., no. 4, bl. 506).

het, tegeken is benewens 'n vry woning.[43] Aan Joubert is in 1874 'n salaris, bereken teen £1000 per jaar, toegeken,[44] terwyl hierdie selfde bedrag in 1876 gehandhaaf is toe vir £250 as salaris vir drie maande aan die Waarnemende Staatspresident voorsiening gemaak is.[45]

(d) Tydelike waarneming van presidentsamp in die O.V.S.

Aangesien die O.V.S.-konstitusie tot 'n baie groot mate op dié van die V.S.A. gebaseer is, verbaas dit mens enigsins dat deur eersgenoemde Grondwet geen vise-presidentsamp in die lewe geroep is nie. Net soos in die Z.A.R. is egter ook in die Vrystaatse Konstitusie voorsiening gemaak vir 'n plaasvervanger indien die staatspresident nie in staat sou wees om sy ampspligte na te kom nie. Die reg om 'n plaasvervanger te benoem is aan die Volksraad toegeken:

> "In het geval dat de Staatspresident zou komen te sterven of dat hy zynen post zou bedanken of daarvan ontslagen worden of ter verrigting van zyn ambt onbekwaam worden, zal de Volksraad gemagtigd zyn om een of meer personen aantestellen om in zyne plaats te ageren tot dat zulke onbekwaamheden niet meer bestaan of een Staatspresident gekozen worde."[46]

In hierdie bewoording lê al dadelik twee moeilikhede opgesluit. Die eerste is dat, net soos in die geval van die Z.A.R., daar geen melding van afwesigheid met verlof of afwesigheid van die hoofstad van die staatspresident gespreek word nie. 'n Tweede reëling wat so 'n moeilikheid sou meebring, is dat, telkens as die president om een of ander rede nie by magte sou wees om sy amp waar te neem nie, onmiddellik 'n buitengewone vergadering van die Volksraad belê sou moes word om 'n plaasvervanger te benoem. Indien 'n staatspresident byvoorbeeld plotseling te sterwe sou kom, sou dit meebring dat daar vanaf die plaasname van so 'n sterfgeval tot dat die Volksraad byeen kon kom, geen president of plaasvervanger sou wees nie.

---

43) E.V.R.11: Volksraadsnotule, art. 194, 6 Aug. 1872. Die salaris van die President was op hierdie tydstip £1500 per jaar (kyk bl. 287 van hierdie werk).

44) E.V.R.12: Volksraadsnotule, art. 259, 17 Nov.1874.

45) Ibid., art. 119, 7 Junie 1876.

46) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 15(f); ibid., 1866, art. 17(f); Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, bl. 14.

Die Vrystaatse Volksraad het hierdie leemtes in die Konstitusie egter aangevoel en reeds in 1855 is gereël dat as die staatspresident vanweë ampspligte uit die hoofstad afwesig sou wees, hy gemagtig was om die behartiging van die funksies, verbonde aan sy amp, aan een of meer amptenare vir wie hy as die geskikste daartoe ag, oor te dra, sodat in die openbare diens geen vertraging kon plaasvind nie.[47)] In 1867 het die Volksraad dit ook nodig gevind om ten opsigte van bogenoemde grondwetsartikel as volg te besluit:

> "In geval de Staatspresident komt te sterven, of voor de verrichting van zyn ambt onbekwaam wordt, en totdat de Volksraad, naar aanleiding van artikel 17 der Constitutie vergadert, zal de Uitvoerende Raad bekleed zyn met de macht, en de plichten uitoefenen, welke aan den Staatspresident zyn opgedragen. De Landdrost van de hoofdstad zal daartoe den Uitvoerenden Raad onmiddellyk byeenroepen, en de Uitvoerende Raad zal terstond eene buitengewone vergadering van den Volksraad binnen den kortst mogelyken tyd bepalen."[48)]

Hierdie artikel van die Konstitusie, soos aangevul en verduidelik deur genoemde twee Volksraadsbesluite, het die basis gevorm waarop die hele kwessie van waarneming tydens die afwesigheid van die staatspresident dwarsdeur die hele bestaan van die Vrystaatse Republiek berus het. Die Grondwet het alleen voorgeskrywe dat een of meer persone as waarnemende president benoem moes word sonder om te stipuleer of hierdie persoon of persone 'n lid van die Uitvoerende Raad, die Volksraad, 'n amptenaar of 'n private burger moes wees, sodat die Volksraad in hulle keuse geheel en al vry kon handel.[49)] In die

---

47) Volksraadsnotule (O.V.S.), 31 Aug. 1855 (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.114). Hierdie besluit is opgeneem as art. 1 van Ordonnansie 8/1877. Kyk ook Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXIV, art. 3, bl.242).

48) Volksraadsnotule (O.V.S.), 21 Junie 1867. Die gekursiveerde sinsnede kom nie in die oorspronklike besluit van 1867 voor nie, maar is in 1873 ingevoeg (Volksraadsnotule (O.V.S.), 3 Junie 1873). Die besluite is opgeneem as artt. 5 en 9 van Ordonnansie 8/1877. Kyk ook Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXIV, art. 7, bl. 243.

49) Toe daar na die bedanking van pres. Boshof weer 'n plaasvervanger benoem moes word, is deur lid Schnehage aan die hand gedoen dat Uitv. Raadslede nie as sodanig gekies moes word nie omdat dan tog maar weer in hulle plek plaasvervangers gekies moes word. Op 'n vraag of persone buite die Volksraad gekies kon word, het die voorsitter geantwoord dat die Konstitusie dit nie verbied nie, maar dat hy nie ten gunste daarvan was nie. Dit was ook die algemene gevoel van die Raad. (Volksraadsnotule (O.V.S.), 26 Feb.1858).

praktyk het dit gebeur dat somtyds slegs een persoon benoem is en by ander geleenthede weer meer persone.

Die eerste keer wat die Volksraad voor die situasie te staan gekom het dat hulle die presidentspos tydelik moes opvul, was toe Hoffman in 1855 sy bedanking ingedien het. Op 10 Februarie 1855 is Volksraadslid J.J.Venter met meerderheid van stemme as provisionele staatspresident deur die Volksraad gekies.[50] Drie dae later het die Volksraad besluit

> "dat de groote meerderheid van den Raad van gevoelen is, dat het nuttig voor het algemeen zoude zyn, wanneer de heer Venter goed zoude vinden, de vervulling der pligten aan die betrekking verbonden, niet alleen op zich te nemen, maar die werkzaamheden tezamen met nog twee meer andere Raadsleden te behartigen, tot zoolang er een vaste Staatspresident zal zyn aangesteld."[51]

Die volgende dag is weereens besluit dat so ŉ kommissie uit die Raad gekies sou word en is dit duidelik gestel dat dit nie geskied omdat die Volksraad nie genoegsame vertroue in Venter gehad het nie, maar alleen vanweë die oortuiging dat so ŉ reëling meer die algemene tevredenheid sou wegdra.[52] Daarop is besluit dat J.J.Venter as voorsitter van die kommissie sou optree en in Bloemfontein moes woon, en is J.J.van Rensburg, lid vir Harrismith, H.J.Halse, lid vir Caledonrivier en E.Snyman, lid vir Fauresmith, as die ander lede van die kommissie gekies.[53] Hierdie kommissie, wat dieselfde pligte en magte as die staatspresident sou hê, het vir ses maande, tot met die verkiesing en inswering van president Boshof aan die roer van sake gestaan.[54] In 1858 is ná die bedanking van president Boshof, weer ŉ kommissie, hierdie keer bestaande uit drie lede van die Volksraad, benoem.[55] Boshof het egter weer sy bedanking teruggetrek.[56] Toe hy in 1859 met verlof na Natal afwesig was, het die Volksraad van die plaasvervanging deur ŉ

---

[50] Volksraadsnotule (O.V.S.), 10 Feb.1855 (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl. 94).

[51] Ibid., 13 Feb. 1855 (Ibid., bll. 95-96).

[52] Ibid., 14 Feb. 1855 (Ibid., bl.96).

[53] Ibid., 15 Feb. 1855 (Ibid., bll. 97-98).

[54] Vgl. Scholtz: a.w., bl. 107.

[55] Volksraadsnotule (O.V.S.), 26 Feb. 1858.

[56] Scholtz: a.w., bll. 89-91.

kommissie afgesien en is E.R.Snyman, voorsitter van die Volksraad, tot fungerende president gekies.[57] Hierdie stap is gedoen op aanbeveling van president Boshof self op grond daarvan dat die aanstelling van een persoon baie geriefliker en meer ekonomies was as dié van 'n kommissie. Die Volksraad het hiertoe toegestem nadat die voorstel eers 'n lang beraadslaging in die Volksraad uitgelok het.[58]

Tydens M.W.Pretorius se ampstermyn as staatspresident van die O.V.S., het die President,

"wat meer uit as tuis was,"[59]

altyd van die Volksraadsbesluit van 31 Augustus 1855 gebruik gemaak en steeds die Goewernementsekretaris aangestel om die pligte van die staatspresident waar te neem,[61] maar na Pretorius se bedanking in 1863, is J.J. Venter weereens deur die Volksraad as fungerende staatspresident benoem.[62] Venter is andermaal tot dieselfde amp benoem toe die Volksraad in 1868 aan president Brand verlof toegestaan het om na die Kaapkolonie te gaan,[63] en weer in 1869.[64]

In 1873 is tydens die ernstige siekte van president Brand weer tot die kommissiestelsel teruggekeer, en weer in 1876, toe Brand in verband met ampspligte na Engeland gegaan het.[65] Sedertdien was dit die gewoonte

---

57) Volksraadsnotule (O.V.S.), 22 Feb. 1859.

58) The Friend, 25 Feb. 1859 (hoofartikel).

59) Scholtz: a.w., bl. 107.

60) Kyk voetnoot 47 van hierdie hoofstuk.

61) Scholtz: a.w. bl. 107.

62) Volksraadsnotule (O.V.S.), 20 Junie 1863.

63) Ibid., 9 Junie 1868.

64) Ibid., 28 Mei 1869. Dit was ook die geval in 1870 (kyk The Friend, 16 Junie 1870 en 8 Des.1870).

65) Scholtz: a.w., bl. 108. Die aanstelling van 'n kommissie is in die pers gekritiseer. The Friend (17 Feb. 1876) het o.a. geskryf: "As by our Constitution, no provision is made for a Vice-President ... the Volksraad were compelled to appoint either an acting President or a Commission. They adopted the latter course. But we do not think they acted very wisely. We mean no disrespect to the above three gentlemen, when we say we think that the appointment of the Triumvirate is a mistake; for we hold that either of them would have been better than the three combined. But either out of a spirit of jealousy, or of precaution, the Volksraad preferred a Triumvirate to an acting President ...." In die Hollandese kolomme van dieselfde uitgawe van genoemde blad lui dit as volg:

om telkens die Goewernementsekretaris as waarnemende president te benoem,[66] behalwe tydens die onderhandelinge in Mei 1902 te Vereeniging, toe president Steyn vanweë ernstige krankheid nie daarmee kon voortgaan nie en vir generaal de Wet as waarnemende president benoem het.[67]

Ten opsigte van die inswering van die kommissie of waarnemende staatspresident, skyn dit of dit die gewoonte in die O.V.S. was dat die inswering deur die staatspresident waargeneem is,[68] en wanneer die staatspresident bedank of alreeds met verlof vertrek het, deur die Volksraad.[69]

2. Die Z.A.R. kry 'n vise-president in 1877.

President Burgers se grondwetsvoorstelle wat hy in 1877 aan die Volksraad voorgelê het, het die belangrike bepaling ingesluit dat die lid wat deur die Volksraad op die Uitvoerende Raad benoem word, terselfdertyd as vise-president sou optree as dit nodig was.[70] Met die aanvaarding van hierdie voorstelle het die Volksraad sodoende 'n uiters noodsaaklike amp in die lewe geroep en is Paul Kruger op 8 Maart 1877 as eerste vise-staatspresident deur die Volksraad benoem.[71] Van die vise-staatspresident is geen spesiale eed gevorder nie en al eed wat hy moes aflê is dié wat van hom as lid van

---

".... evenwel hebben wy vernomen dat gedurende de afwezigheid van den President een Commissie zal ageren, bestaande uit de heeren W.W.Collins, J.G.Siebert en G. du Toit. Het is meer in overeenstemming met de gevoelens van onze Raadsleden, daar er veel brood en visch te verdeelen valt."

66) Scholtz: a.w., bl. 108.

67) Van der Merwe: M.T.Steyn II, bl. 99.

68) Vgl. bv. inswering van Snyman deur Boshof (Uitvoerende Raadsnotule (O.V.S.), 1 April 1859; The Friend, 8 April 1859); inswering van kommissie deur pres. Brand in 1876 (Art. 2 van Aanspraak van "Commissie van Bestuur," opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 1 Mei 1876).

69) Vgl. bv. inswering van Venter in 1863 (Volksraadsnotule (O.V.S.), 20 Junie 1863); Venter in 1869 (ibid., 29 Mei 1869); Blignault in 1894 (ibid., 25 Junie 1894); Blignault in 1895 (ibid., 2 April 1895).

70) Kyk bl. 304 van hierdie werk.

71) Vgl. Engelbrecht: T.F.Burgers, bl. 311. Die benoeming van Kruger tot vise-staatspresident het nie op 7 Maart, soos Engelbrecht beweer plaasgevind nie, maar op 8 Maart 1877. (Kyk E.V.R.12: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 34, 8 Maart 1877).

die Uitvoerende Raad vereis is.[72] Die funksie van dié amptenaar is as volg omskrywe:

> "Ingeval van ontzetting uit zyn post, onbekwaamheid door ligchaams- of verstandsgebreken, of dood van den Staatspresident, treedt het door den Volksraad benoemd lid van den Uitvoerenden Raad als Vice-President op, zoolang tot de nieuw benoemde Staatspresident in functie is getreden."[73]

Dit is eienaardig dat ook hier geen woord gespreek word van wat die funksie van die vise-staatspresident sou wees wanneer die staatspresident met verlof afwesig sou wees nie. Die praktyk kon ook nie toon hoe in sodanige gevalle gehandel sou word nie omdat die anneksasie van die Republiek op 12 April 1877, slegs een maand nadat Kruger tot die pos benoem is, plaasgevind het. Tydens die anneksasieperiode sou Kruger as vise-president 'n uiters belangrike rol speel en wel as lid van die Driemanskap.

3. Die Driemanskap.

Met die herstel van die Regering van die Z.A.R. in 1880 het die volksbyeenkoms aan Paul Kruger, in sy hoedanigheid as vise-president, kragtens die benoeming van 8 Maart 1877, opgedra om die Volksraad so spoedig moontlik byeen te roep. Op voorstel van die onvoltallige Uitvoerende Raad, is op hierdie volksvergadering besluit om 'n voorlopige uitvoerende gesag daar te stel, en is ter opvulling van die vakante presidentsamp, 'n driemanskap benoem, bestaande uit vise-president Kruger, P.J.Joubert as kommandant-generaal en M.W.Pretorius.[74] Hierdie Driemanskap sou aan bewind van sake staan tot tyd en wyl 'n nuwe president gekies sou word.[75] Die nuwe president sou egter eers in Mei 1883 ingesweer word.

Teen die einde van die eerste jaar van hulle bewind het vise-president Kruger, wat as mondstuk van die Driemanskap opgetree het, dit nodig geag om aan die Volksraad voor te stel om te bepaal hoe lank die Driemanskap die aan hulle opgedraagde taak moes verrig, maar die Volksraad het gevoel

> "dat met het oog op de omstandigheden des lands het vooralsnog niet raadzaam is eene verandering te

---

72) Vgl. E.V.R.12: Volksraadsnotule, art.34, 8 Maart 1877.

73) Toevoeging tot Grondwet, 1877, art. 7 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 680).

74) Kyk bl. 456 van hierdie werk.

75) Vgl. C.N.J. du Plessis: Uit de Geschiedenis van de Z.A.R. en van de Afrikaanders, Amsterdam-Pretoria, 1898, bll. 87-88.

brengen in den vorm der Regering zoo als hy nu bestaat en bepaalt dat de zaak in de aanstaande ... zitting op nieuw zal behandeld worden en zoo voort in iedere volgende zitting tot dat er finaal omtrent de electie van een Staats President zal zyn besluit."[76]

Hoewel die Driemanskap hulle op ꞌn bewonderenswaardige wyse van hulle uiters moeilike taak, tydsomstandighede in aanmerking geneem, gekwyt het, kom dit voor of die bestaan van die instansie nie so ꞌn algemene tevredenheid weggedra het nie en het o.a. ook die pers hom sterk beywer vir die verkiesing van ꞌn staatspresident.[77] Geen pertinenste besware daarteen is aanvanklik openbaar gemaak nie, maar na aanleiding van ꞌn brief in De Volksstem teen die helfte van 1882 skyn dit asof die belangrikste beswaar teen hierdie vorm van plaasvervanging die vrees was dat met die oog op ꞌn toekomstige staatspresidentsverkiesing daar ernstige tweedrag onder die burgers sou ontstaan omdat twee lede van die Driemanskap, Kruger en Joubert, elkeen sterk ondersteuning ontvang het.[78] Hierdie brief is ꞌn week later deur De Volksstem opgevolg met ꞌn hoofartikel waarin die besware teen die Driemanskapsregering meer pertinent uiteengesit is en weereens aangedring is op ꞌn Volksraadsbesluit om te reël dat ꞌn permanente president gekies moes word. De Volksstem[79] skryf o.a.:

"Met het nemen van zulk een besluit (nl. om ꞌn presidentsverkiesing te laat plaasvind) zal de Volksraad het belang des lands grootelyks bevorderen. 't Is toch over bekend, binnen zoowel als buiten 's lands, dat het benoemen van een Driemanschap slechts bedoeld was als een tydelyke en voorloopige schikking. Er is meer. Het volk der Transvaal heeft, indien al niet by eigen volksbesluit dan toch by monde van zyne meest vertrouwde vertegenwoordigers, de verzekering gegeven, dat het herstel van de onafhankelykheid des lands spoedig gevolgd zou worden door de verkiezing van een man van opvoeding en ontwikkeling tot Staatspresident. Z.H.Ed. de Vice-

---

76) E.V.R.15: Volksraadsnotule, art. 366, 8 Nov.1881.

77) Vgl. De Volksstem, 11 Jan. 1882 en 25 Jan.1882 (hoofartikels).

78) Vgl. brief van "A.B.", d.d. Pretoria, 20 Junie 1882 in De Volksstem, 21 Junie 1882.

79) Uitgawe van 28 Junie 1882. Vgl. ook De Volksstem, 5 Julie 1882 (hoofartikel).

> President en de H.Ed. heer P.J.Joubert zullen niet ontkennen, dat die belofte door hen herhaaldelyk gedaan is. 't Word tyd dat aan die belofte voldaan wordt, willen wy het vertrouwen van het buitenland behouden. Met onzen Correspondent "A.B.," in onze uitgaven van verleden week, zeggen wy: het stelsel van een bestuur door een Driemanschap is verkeerd. Het draagt de zaden van ontbinding in zich en moet op den duur mislukken. Wy hebben er hier de proef van. Of gelooft men dat het H.Ed. Driemanschap nog een jaar eenstemmig te zamen kan werken? Wat ons verbaast, is, dat 't tot dusver nog zoo goed gegaan is; doch 't is geen wyze staatkunde om altyd maar op goed geluk te vertrouwen. Als er eens tweedragt in het land is, kunnen de gevolgen verschrikkelyk zyn en tweedragt zal er komen onder het tegenwoordig stelsel van bestuur."

ŉ Ander beswaar wat in dieselfde artikel teen die Driemanskap-stelsel geopper is, is dat die bestaande stelsel die staat baie duur kos. Waar die salaris van ŉ staatspresident £1500 per jaar was, was die koste aan die Driemanskap verbonde, £3120 per jaar, sodat die verkiesing van ŉ permanente president die land baie koste sou bespaar. Hierdie oorweging, sê De Volksstem, sou op sigself nog nie soveel gewig gedra het nie omdat hy van die beginsel uitgaan dat die staat vir ŉ goeie en deeglike bestuur ook goed behoort te betaal,

> "doch wanneer zy in verband genomen wordt met het feit, dat deze groote uitgaaf thans gedaan wordt tot instandhouding van een stelsel dat in zichzelf verkeerd is, meenen wy dat zulk eene beschouwing wel degelyk aandacht verdient. Men lette er op, wy spreken niet van de achtenswaardige mannen die thans ons H.Ed. Driemansschap vormen. Zy hebben onze verwondering verwekt door de wyze waarop zy de hoogst moeyelyke positie hebben bekleed in een vorm van bestuur die uit zyn aard op den duur niet deugt."

In Julie 1882 het die saak van die Driemanskapsregering in die Volksraad ter sprake gekom na aanleiding van ŉ brief wat deur P.J.Joubert, as lid van die Driemanskap, aan die wetgewende liggaam gerig is. Ter wille van die belangrikheid van die brief word ŉ gedeelte daarvan hier uitvoerig aangehaal:

> ".... ik (gevoel) ... my als eerlyk en vaderlandslievend burger verpligt, u te herinneren aan het grondwettig bestier van het land, dat is van een President, gekozen door de vrye keuze van het volk en de burgers van dezen Staat.
>
> Ik zie dagelyks in de nieuwsbladen daarover schryven en twisten. Reeds zyn daarvoor de namen van zeer waardige mannen genoemd en die van anderen verguisd, en het kan niet anders, ik ten minste vrees er voor dat het langer bestaan van het Driemanschap verdeeldheid in het land kan en zal teweeg brengen, en dat daardoor het groote werk van Gods genade en verlossing aan het land en volk geschonken,

kan worden vergald en verwoest en het land verder kan worden gestort in nieuwe en voor ons ongekende ellende. En, achtbare heeren, hoe treurig zal het dan voor ons wezen om vervuld te zien de voorspellingen onzer tegenparty? Hoe zullen we ons dan niet met zelfverwyt en naberouw beladen gevoelen?

Het is aan niemand uwer, achtbare heeren, onbekend, hoe onzen vyanden, op ons ongeluk speculerende, aanhoudend hebben beweerd dat, als wy ons land en onze onafhankelykheid terugkrygen, wy dadelyk weer in eigen boezem verscheurd zouden worden door tweedragt en verdeeldheid; en zoude (zoo werd voorspeld) een Joubert-party en een Krugers-party zyn. Joubert zou President willen zyn; Kruger zou President willen zyn en het gevolg tweedragt en verdeeldheid, burgeroorlog en wie weet wat meer zou er wezen. Nu, achtbare heeren, onze God hoop ik zal het verhoeden, maar laten wy dan ook daarvoor waken, en ik, uw nederige dienaar, wil met alle kracht het myne bydragen om dat te helpen afwenden en daarom verklaar ik nu voor u, Edel Achtbaren, met nadruk, dat hy die van my spreekt of gesproken heeft als zoude ik naar de betrekking van President staan of daarnaar jagen, die belastert my. Neen, nooit zou ik wanneer ik in den uitersten nood daartoe door God geroepen en door het volk gekozen werd, my hebben onttrokken om het land te dienen, dat weet de wereld, dat heb ik getoond, dan spande ik al myne krachten te zamen, dan waagde ik goed en bloed voor land en volk; maar, Edel Achtbare heeren, ditmaal acht ik my verpligt in het allerheiligst belang van volk en land dat ik gediend heb en lief heb, om naar den toestand van ons land en volk oordeelende, Uw Achtbaren als myn bescheiden oordeel bekend te maken, dat de behoefte des lands het vordert en ik moet zeggen meest ernstig vordert, dat Z.H.Ed. de Vice-President, S.J.P.Kruger, zich de keuze laat welgevallen en op zich neemt de kandidatuur voor het Presidentschap, ten einde de zeer noodlottige verdeeldheid die er in het land ontstaan kan af te wenden en te voorkomen.

De ware liefde die ik in myn hart omdraag voor land en volk, verbindt my om met al myn magt mede te werken in alles dat tot de eensgezindheid en de welvaart van dat land en volk strekken kan en daartoe wil ik Z.H.Ed. getrouw bystaan in zoodanige positie als myne overtuiging my leiden mag en voor my doenlyk zal wezen.

Het is met de beste wenschen dat ik alzoo tot Uw Edel Achtbaar ligchaam genaderd ben en ik vlei my met de hoop, dat ik niet ter kwaden ure tot Uw Edel Achtb. gekomen ben, aangezien ik, naar myne nederige beschouwing, een misdaad zou hebben begaan indien ik niet deze zaak nu ernstig onder UEds. Achtbaren aandacht zou hebben gebragt, en my niet bytyds hebben gekweten van een oligt waarvan het verzuim noodlottig kon worden voor myzelven en voor het volk dat ik waarlyk lief heb."[80]

---

80) Hierdie brief van Joubert aan die Volksraad, d.d. Pretoria, 4 Julie 1882, is opgeneem in Volksraadsnotule, art. 745, 7 Julie 1882 (Byvoegsel tot Staatscourant, 10 Aug. 1882).

In die lang bespreking wat na aanleiding van bogenoemde brief oor die hele aangeleentheid plaasgevind het, het volksraadslid N.J.Smit ook nog die aandag daarop gevestig dat die Driemanskap nie volgens enige wet van die Republiek bestaan nie, maar kragtens 'n volksbesluit.[81] Oor die brief van Joubert het al die Volksraadslede nie eners gedink nie, maar uiteindelik is besluit om met die oog op landsomstandighede 'n presidentsverkiesing te hou.[82]

Met die daaropvolgende verkiesing van Kruger as president en sy inswering op 8 Mei 1883, was die taak van die Driemanskap, waarvan hulle hulle onder uiters moeilike omstandighede skitterend gekwyt het, dan ook afgehandel.

4. Die amp van vise-staatspresident in die Z.A.R. na 1881.

Na die herstel van die onafhanklikheid van die Z.A.R. in 1881 is aan die Burgers-grondwetswysiging van 1877 aandag geskenk en is ten spyte van die vise-presidentskap weereens 'n verandering gemaak. Waar die Burgers-wysigingswet bepaal het dat die Volksraad slegs een lid op die Uitvoerende Raad sou kies, wat indien nodig as vise-president sou optree,[83] het die Volksraad in 1881, op voorstel van die Uitvoerende Raad, weer tot die stelsel van twee deur die Volksraad gekose Uitvoerende Raadslede teruggekeer, sonder om een van hulle definitief as vise-president aan te wys.[84] Terselfertyd is vir die plaasvervanging van die staatspresident voorsiening gemaak deur die volgende bepaling:

> "Ingeval van ontzetting uit zyn post, onbekwaamheid door ligchaams- of verstandsgebreken of dood van den Staatspresident, treedt het door den Volksraad benoemd lid van den Uitv. Raad als Vice-President op, die in overleg met den Uitv. Raad en desvereischt

---

81) Volksraadsnotule, art. 747, 7 Julie 1882 (Byvoegsel tot Staatscourant, 10 Aug. 1882).

82) Ibid., artt. 765-766, 10 Julie 1882 (ibid., 17 Aug. 1882). Hierdie besluit is deur De Volksstem (12 Julie 1882) toegejuig, nadat weereens op die ondoeltreffendheid van die Driemanskap-regeringstelsel gewys is. Kyk ook De Volksstem, 19 Julie 1882 (hoofartikel).

83) Kyk bll. 304 e.v. en 491 van hierdie werk.

84) Volksraadsnotule, art. 94, 11 Okt. 1881 (Byvoegsel tot Staatscourant, 18 Okt. 1881); Wet 2/1881, art.2 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll. 1025-1026).

> onmiddelyk den Volksraad zal oproepen om voorziening te maken voor de Electie van een anderen Staatspresident en daarop in functie zal blyven totdat de nieuw verkozen Staatspresident zyn ambt als zoodanig heeft aanvaard."[85)]

Hierdie bewoording van die artikel is vatbaar vir ŉ verklaring dat sodra die staatspresident om die genoemde redes nie meer in staat sou wees om sy amp te vervul nie, die Volksraad een van die lede van die Uitvoerende Raad as vise-president sou benoem, met ander woorde, dat deur die artikel geen voorsiening vir ŉ permanente vise-staatspresident gemaak is nie. Dit was egter nie die interpretasie wat deur die Uitvoerende Raad en die Volksraad daaraan geheg is nie, want na die inswering van Kruger as staatspresident in Mei 1883, het die Staatssekretaris namens die Regering van die Z.A.R. die Volksraad daarop gewys dat kragtens artikel 6 van Wet 2/1881 ŉ vise-staatspresident gekies moes word[86)] en het die Volksraad, daarop handelende, vir P.J.Joubert as vise-staatspresident van die Republiek gekies.[87)] Daarna het die kwessie van die beëdiging van die vise-staatspresident ter sprake gekom en het die Volksraad gevoel dat, aangesien Joubert as kommandant-generaal ampshalwe lid van die Uitvoerende Raad was, die kommandant-generaalseed wat hy afgelê het, ook vir sy optrede as vise-president, wanneer nodig, voldoende sou wees.[88)]

Die verkiesing van kommandant-generaal Joubert tot vise-president het die Regering en Volksraad van die Z.A.R. al dadelik voor ŉ nuwe probleem gestel. Joubert, wat volgens sy eie verklaring, nooit begerig was om die hoogste militêre betrekking op hom te neem nie, maar dit alleen gedoen het vanweë die besondere omstandighede waarin die land verkeer het en omdat die volk hom tot dié hoë amp gekies het,[89)] het tydens die Mapoch-

---

85) Kyk Volksraadsnotule, art. 100, 12 Okt. 1881 (Byvoegsel tot Staatscourant, 20 Okt. 1881); Wet 2/1881, art. 6 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 1026).

86) V.R.R.88/83: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. 10 Mei 1883.

87) Volksraadsnotule, art. 55, 10 Mei 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 24 Mei 1883); ibid., art. 56, 11 Mei 1883 (ibid., 31 Mei 1883).

88) Ibid., art. 57, 11 Mei 1883; artt. 59-60, 12 Mei 1883 (ibid., 31 Mei 1883).

89) Van Heerden: a.w., bl. 232.

oorlog op 30 Januarie 1883 aan die Volksraad geskrywe en die liggaam versoek om 'n nuwe verkiesing vir 'n kommandant-generaal te laat plaasvind omdat toestande aansienlik verander het.[90] Aan hierdie versoek het die Volksraad voldoen nadat dit duidelik gestel is dat dit nie geskied omdat die Volksraad nie vertroue in die militêre leier het nie, maar alleen op versoek van Joubert, in aanmerking nemende die spesiale redes wat hom tot so 'n stap kon genoop het.[91]

Toe Joubert van sy verkiesing as vise-staatspresident in kennis gestel is, het hy dadelik die probleem wat aldus ontstaan het aan die Regering meegedeel[92] en het die Regering Joubert se skrywe aan die Volksraad voorgelê.[93] Joubert het die Regering en Volksraad innig bedank vir die vertroue wat aldus in hom gestel is, maar hy wys daarop dat sy verkiesing as vise-staatspresident op sy uitvoerende raadslidskap berus het en dat hy lid van die Uitvoerende Raad is kragtens die betrekking wat hy as kommandant-generaal beklee het. Aangesien die Volksraad alreeds, op sy versoek, besluit het om 'n verkiesing vir 'n nuwe kommandant-generaal te laat plaasvind, wat hopelik binnekort sou gebeur, beteken dit dat hy as kommandant-generaal nie meer lank as lid van die Uitvoerende Raad en derhalwe as vise-staatspresident sou kon optree nie. Gevolglik kon hy nie anders as om beleefd vir die benoeming te bedank nie.

In die Volksraad het president Kruger na aanleiding van Joubert se brief verduidelik dat die vise-presidentsamp ook nie van die uitvoerende raadslidskap afgeskei kon word nie, anders sou die vise-staatspresident by die huis moes sit en niks te doen hê nie. As plaasvervanger van die staatspresident sou hy dan nutteloos wees aangesien hy nie met die werksaamhede van die Uitvoerende Raad bekend sou wees nie. Sy oplossing van die probleem was om vir P.J.Joubert, afgesien van die

---

90) Ibid.

91) Ibid., bl.233.

92) R.2144/83: Kommandant-generaal Joubert aan Staatssekretaris, d.d. Hoofkwartier, Mei 1883.

93) Brief opgeneem in Volksraadsnotule, art. 479, 28 Junie 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 30 Aug. 1883).

kommandant-generaalsamp tot lid van die Uitvoerende Raad te benoem, waardeur alle besware dan uit die weg geruim sou wees. So 'n stap kon volgens die Staatspresident baie maklik gedoen word omdat die vermeerdering van die werksaamhede van die Uitvoerende Raad die toevoeging van nog 'n lid tot dié liggaam beslis geregverdig het.[94]

Teen so 'n handelswyse het raadslid Taljaard egter die beswaar geopper dat indien Joubert weer as kommandant-generaal gekies word en hy sou besluit om die amp weer te aanvaar, hy in werklikheid dan oor twee stemme in die Uitvoerende Raad sou beskik, wat ook nie kon nie.[95] Al die lede van die Volksraad was van mening dat iets gedoen moes word om Joubert as vise-president te behou en uiteindelik is die knoop deurgehak deur te besluit om

> "de Regering te magtigen den Uitv. Raad met een non-officieel lid in den persoon van den verkozen Vice-President te vermeerderen, zooals door de Regering aanbevolen, indien het na afloop van de kiezing van een Commandant Generaal mogt blyken, dat Z.Ed. Gestr. P.J.Joubert onverhoopt niet herkozen wordt óf indien herkozen deze betrekking niet zou aannemen; op grond dat de Volksraad het wenschelyk acht dat Z.Ed. Gestr. Joubert ingeval niet herkozen als Commandant-Generaal, desniettemin zooals nu Vice-President zal zyn der Zuid-Afrikaansche Republiek. Eenigerlei wetten die in stryd mogen blyken te zyn met dit besluit indien de uitvoering er van noodig wordt geacht, zullen alsdan vervallen zyn."[96]

Aangesien Joubert deur 3260 van die 3426 burgers, wat aan die kommandant-generaalsverkiesing deelgeneem het, herkies is,[97] was dit nie nodig om bogenoemde besluit, wat terselfdertyd 'n wysiging van die Grondwet ingehou het, toe te pas nie. Voor Joubert egter opnuut as kommandant-generaal ingesweer kon word, het hy in September 1884 om verskeie redes al sy betrekkings bedank.[98] Nadat tevergeefs deur die Volksraad en die publiek gepoog is om Joubert te beweeg om sy bedanking

---

94) Volksraadsnotule, art. 479, 28 Junie 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 30 Aug. 1883).

95) Ibid.

96) Ibid., art. 480, 28 Junie 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 30 Aug. 1883).

97) Van Heerden: a.w., bl. 236 en voetnoot 25 op dieselfde bladsy.

98) Ibid., bll. 237-239; Mouton: a.w., bll. 192-200; Van Oordt: a.w., bll. 436-447.

terug te trek,[99] het die Volksraad op voorstel van die Uitvoerende Raad besluit om die drie poste wat deur P.J.Joubert beklee is, naamlik dié van kommandant-generaal, vise-president en superintendent van naturelle, van mekaar te skei en is dit respektiewelik aan P.A. Cronje, C.J.Bodenstein en C.J.Joubert opgedra.[100]

Bodenstein het die benoeming aanvaar[101] maar op ꞌn wenk van die Staatspresident het die Volksraad besluit dat aangesien die Volksraadsitting byna afgeloop was, hy nog eers in sy hoedanigheid as voorsitter van die Volksraad moes aanbly totdat die belangrikste sake afgehandel sou wees en dat hy so kort moontlik voor die einde van die sitting as Uitvoerende Raadslid[102] en as vise-president beëdig sou word.[103]

Die beëdiging van Bodenstein het op 12 November gedurende die gewone loop van hulle werksaamhede deur die Volksraad plaasgevind.[104]

Toe Bodenstein ses maande later ernstig siek geword het, het die Staatspresident dit onder die aandag van die Volksraad gebring en is die Volksraad gevra om vir ꞌn waarnemende vise-staatspresident voorsiening te maak.[105] President Kruger het aan die Volksraad verder verduidelik dat daar syns insiens ꞌn leemte in die wet met betrekking tot die vise-president is, wat deur die Volksraad aangevul moes word. Dié leemte was dat die Regering geen voorsiening kon maak wanneer die vise-staatspresident nie by magte was om sy pligte waar te neem nie omdat die vise-staatspresident deur die Volksraad self benoem word.[106] Verskeie besware is teen die voorstel van die Staatspresident geopper, o.a. dat die wet nie vir ꞌn plaasvervanger van die vise-president

---

99) Kyk Van Heerden: t.a.p., bll. 239-244.

100) Uitvoerende Raadsnotule, art. 248, 22 Okt. 1884; V.R.R.286/84: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. 22 Okt. 1884; Volksraadsnotule, art.979-985, 22 Okt. 1884 (Byvoegsel tot Staatscourant, 11 Des. 1884); Van Heerden: a.w., bll. 244-245.

101) V.R.R.289/84: C.J.Bodenstein aan Volksraad, d.d. 24 Okt. 1884.

102) Bodenstein is eers as lid van die Uitvoerende Raad en toe as vise-staatspresident gekies.

103) Volksraadsnotule, artt. 1006-1007, 24 Okt. 1884 (Byvoegsel tot Staatscourant, 18 Des. 1884).

104) Ibid., art. 1317, 12 Nov.1884 (Ibid., 21 Jan.1885).

105) V.R.R.218/85: Staatssekr. aan Volksraad, 29 Mei 1885.

106) Volksraadsnotule, art. 247, 29 Mei 1885 (Byvoegsel tot Staatscourant, 17 Junie 1885).

voorsiening maak nie en dat dit 'n ekstra las op die landskas sou lê. Op 'n vraag of die te kiese plaasvervanger gedurende die hele dienstyd van die vise-staatspresident in die hoedanigheid sou optree, het die Staatspresident bevestigend geantwoord. Vanweë die dringendheid van die werksaamhede van die Uitvoerende Raad en die afwesigheid van verskeie Uitvoerende Raadslede, is na 'n lang bespreking[107] besluit om aan die suggestie van die Staatspresident gevolg te gee en is T.N.de Villiers as waarnemende vise-staatspresident gekies[108] en beëdig.[109] Bogenoemde versoek van die Staatspresident kom bietjie vreemd voor, maar die eintlike bedoeling was nie soseer dat 'n waarnemende vise-staatspresident as sodanig benoem moes word nie, maar wel 'n plaasvervanger vir die vise-president in sy hoedanigheid as lid van die Uitvoerende Raad.[110]

Gedurende die verdere bestaan van die Z.A.R. het die posisie in verband met die vise-staatspresident onveranderd gebly. Na die afsterwe van Bodenstein is sy betrekking weer permanent opgevul deur die verkiesing van C.J.Joubert, nadat hy eers as nie-offisiële lid van die Uitvoerende Raad deur die Volksraad gekies is,[111] en het sy inswering twee dae later plaasgevind.[112] Nadat die Volksraad aan Joubert op eie versoek eervol ontslag verleen het,[113] is 'n baie sterk gevoel in die Volksraad ten gunste van kommandant-generaal P.J.Joubert as vise-staatspresident geopenbaar. Die voorsitter van die Volksraad het egter daarop gewys dat, afgesien daarvan dat die Kommandant-Generaal vanweë sy ampsligte dikwels nie in die Uitvoerende Raad teenwoordig kon wees nie, die vroeëre skeiding van die betrekkings van kommandant-generaal, vise-president en superintendent van naturelle die verkiesing van die militêre hoof tot vise-president

---

107) Ibid., artt. 247-249, 29 Mei 1885.

108) Ibid., art. 250.

109) Ibid., art. 254, 1 Junie 1885 (Byvoegsel tot Staatscourant, 17 Junie 1885).

110) Vgl. De Volksstem, 17 Sept. 1885 (hoofartikel).

111) Volksraadsnotule, artt. 689-692, 6 Julie 1885 (Byvoegsel tot Staatscourant, 12 Aug. 1885).

112) Ibid., art. 745, 8 Julie 1885 (ibid.).

113) Ibid., artt. 1173-1174, 20 Julie 1887 (ibid., 26 Okt. 1887).

onmoontlik maak.[114] Daarop het die Raad eers vir N.J.Smit as non-offisiële lid van die Uitvoerende Raad in die plek van C.J.Joubert gekies.[115] Weereens is heftige besware geopper teen die verkiesing van 'n vise-president en het sommige lede selfs aan die hand gedoen dat tot die stelsel van voor 1877 teruggekeer moes word en dat die oudste lid van die Uitvoerende Raad weer in die hoedanigheid moes optree.[116] Die Volksraad was egter nie bereid om weer veranderinge te maak nie en in die verkiesing wat gevolg het, is N.J Smit met meerderheid van stemme as nuwe vise-staatspresident van die Z.A.R. aangewys.[117]

Smit het hierdie betrekking tot in 1896 beklee toe kommandant-generaal P.J.Joubert weer as vise-staatspresident gekies is. Blykbaar het die Eerste Volksraad die ou reëling vergeet dat die kommandant-generaal nie as sodanig verkiesbaar was nie, want op 'n vraag van raadslid de Beer of alleen non-offisiële Uitvoerende Raadslede verkiesbaar was, het die voorsitter van die Eerste Volksraad geantwoord dat hy nie van 'n wetsbepaling te dien effekte bewus was nie.[118] P.J. Joubert het die amp beklee tot met sy dood op 27 Maart 1900, waarná die Regering, kragtens die volmag wat dit van die Volksraad ontvang het,[119] vir Uitvoerende Raadslid S.W.Burger in die vakature benoem het tot tyd en wyl die Eerste Volksraad daaromtrent nadere voorsiening kon maak.[120] Burger het na die vertrek van Kruger na die buiteland in die plek van die Staatspresident getree[121] en tot aan die einde van die oorlog as sodanig opgetree. Hy was derhalwe die laaste persoon wat aktief die pligte van staatspresident in die Z.A.R. behartig het.

Wat was nou eintlik die funksie van die vise-staatspresident in die Z.A.R.? Volgens artikel 6 van

---

114) Ibid., art. 1195, 21 Julie 1887 (ibid).
115) Ibid., artt. 1196-1197.
116) Ibid., art. 1198.
117) Ibid., art. 1119.
118) Notule Eerste Volksraad, art. 132, 13 Mei 1896.
119) Kyk bl.392 van hierdie werk.
120) Regeringskennisgewing no.78, d.d. 17 April 1900 (Staatscourant, 18 April 1900).
121) Kyk bl.472 van hierdie werk.

Wet 2/1881[122] het hy alleen in die plek van die staatspresident getree ingeval die president uit sy amp ontslaan is, óf vanweë liggaams- of verstandsgebreke onbekwaam sou word om sy ampspligte te vervul, óf as die staatshoof te sterwe sou kom. Hoewel niks gemeld word van afwesigheid met verlof van die staatspresident nie, het vise-staatspresident P.J.Joubert vanaf Augustus 1883 tot Julie 1884 in die plek van Kruger, wat in verband met onderhandelinge ten opsigte van die Pretoria-konvensie na Londen was, as staatspresident van die Z.A.R. geageer.[123]

Oor die vraag of die vise-president ook as staatspresident moes ageer as laasgenoemde van die regeringsetel afwesig was, maar tog nog binne die grense van die land verkeer het, het daar aanvanklik meningsverskil bestaan. Toe C.J.Bodenstein in 1884 as vise-staatspresident gekies is, het hy o.a. die volgende gesê:

> "Een Vice-President had, het is waar, dan slechts op te treden als de President buiten 's lands was, maar volgens wet had deze toch jaarlyks een reis te maken door het geheele land. Zoo kon hy wel maanden wegblyven. Het land verkeert in een moeyelyken toestand. Het gewigt, de verantwoordelykheid aan deze betrekking verbonden was dus groot."[124]

Volgens hierdie uitlating was sy opinie ongetwyfeld dat hy ook moes optree as die staatspresident met sy amptelike reise uit die hoofstad afwesig sou wees. Dit was egter nie die geval nie want toe president Kruger in 1888 aan die Volksraad gerapporteer het dat hy vanweë menigvuldige ampspligte nie in staat was om sy jaarlikse reis deur die land te doen nie,[125] het een van die lede gemeen dat die omgekeerde van wat Bodenstein in 1884 bedoel het, kon gebeur, naamlik dat die vise-president in die plek van die staatspresident die reis kon onderneem.[126] President Kruger se antwoord hierop het die tweede, sowel as Bodenstein se opinie,

---

122) Kyk hierbo, bl.497.

123) Vgl. Van Oordt: a.w., bl. 404.

124) Volksraadsnotule, art. 985, 22 Okt. 1884 (Byvoegsel tot Staatscourant, 11 Des. 1884.)

125) Art. 14 van pres. Kruger se Aanspraak, opgeneem in Volksraadsnotule, art. 11, 7 Mei 1888 (Byvoegsel tot Staatscourant, 16 Mei 1888).

126) Volksraadsnotule, art. 60, 11 Mei 1888 (ibid., 23 Mei 1888).

uitgesluit, naamlik dat

> "de hulp die den President gegeven is in den persoon van Z.H.Ed. den Vice-President kan de President alleen te stade komen, als hy buitenlands gaat. Dan alleen treedt de Vice-President op."[127]

Hoewel nog een lid gemeen het dat dit nie die geval behoort te wees nie, is nie verder op die saak ingegaan nie en het die Volksraad sy instemming met die verduideliking van die Staatspresident stilswyend betuig. Die antwoord van die Staatspresident was geheel en al in ooreenstemming met 'n Volksraadsbesluit van die vorige jaar na aanleiding van die verlof wat aan president Kruger verleen is en die kwessie van 'n plaasvervanger, naamlik dat die vise-president in funksie tree sodra die staatspresident hom buite die grense van die land begeef.[128] In 1899 is so 'n bepaling ook as 'n nuwe klousule in die voorgestelde Grondwet opgeneem.[129]

Toe in 1894 spesiale reëlings getref is in verband met die verhoor van 'n staatspresident as hy in 'n staat van beskuldiging gestel word,[130] is besluit dat sodra hy beskuldig word, hy onmiddellik deur die Eerste Volksraad tydelik geskors sou word en dat die vise-president dan in sy plek sou optree.[131] In 1896 is dié besluit in die Grondwet opgeneem.[132]

In 1899 is deur die Grondwetshersieningskommissie voorgestel dat die hele kwessie van wanneer die vise-president in funksie tree in een artikel saamgevat word, naamlik dat hy die plek van die staatspresident moes inneem:

(a) by afwesigheid van die staatspresident buite die land;

(b) as die staatspresident tydelik uit sy amp geskors word;

(c) as hy finaal ontslaan word;

(d) as hy te sterwe kom.

---

127) Ibid.

128) Ibid., art. 64, 10 Mei 1887 (Byvoegsel tot Staatscourant, 18 Mei 1887, en ook in Locale Wetten der Z.A.R., 1886-1887, bl. 192).

129) Grondwet, 1889, art. 59 (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl. 181) en Wet 2/1896, art. 84 (Ibid., 1896, bl. 44).

130) Kyk bll. 397 e.v. van hierdie werk.

131) Notule Eerste Volksraad, art. 1454, 23 Aug. 1894.

132) Wet 2/1896, art. 86 (Locale Wetten der Z.A.R., 1896, bl. 45).

In laasgenoemde twee gevalle moes die vise-president die Eerste Volksraad dan onmiddellik byeenroep sodat vir die verkiesing van 'n ander staatspresident voorsiening gemaak kon word. Die vise-staatspresident moes die funksies van die staatspresident uitoefen totdat laasgenoemde uit die buiteland teruggekeer, sy skorsing opgehef of 'n ander president beëdig was. In alle ander gevalle van ontstentenis aan 'n staatspresident sou deur die Eerste Volksraad voorsiening gemaak word.[133)]

Tydens die bespreking van hierdie artikel[134)] het die lede van die Eerste Volksraad drie leemtes in die voorstel opgemerk. Die eerste was dat geen voorsiening gemaak is ingeval die staatspresident sou bedank nie, maar die beswaar is uit die weg geruim deur die verduideliking dat die staatspresident sy bedanking alleen by die Eerste Volksraad kon indien en sy werksaamhede nie kon staak voordat sy bedanking nie deur die wetgewende liggaam aanvaar is nie. Dan was die Volksraad meteens bymekaar en kon verdere voorsiening gemaak word. Die tweede en derde besware, naamlik dat die vise-president volgens die voorgestelde artikel nie in die plek van die staatspresident kon optree wanneer laasgenoemde siek of met sy binnelandse reise besig was nie, is ook tot bevrediging van diegene wat beswaar gehad het, opgelos deur die argument te gebruik dat so lank as die staatspresident binne die grense van die land was, altyd nog reëlings getref kon word om hom oor sekere belangrike sake te raadpleeg. Buitendien sou twee presidente in die staat nie alleen onprakties wees nie, maar sou dit ook tot botsende reëlings aanleiding kon gee. Daarmee was die Eerste Volksraad so tevrede dat die voorgestelde artikel onveranderd met twaalf teen elf stemme goedgekeur is.[135)] Indien die hersiene grond-

---

133) Konsep-grondwet, 1899, art. 88 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899).

134) Kyk Notule Eerste Volksraad, art. 801, 9 Aug.1899.

135) Notule Eerste Volksraad, art. 802, 9 Aug. 1899. Omdat die hele Grondwet nie finaal goedgekeur en deur die Staatspresident gepubliseer is nie, het hierdie artikel natuurlik nooit in werking getree nie. Dit geld ook vir die volgende artikel (kyk voetnoot 136).

wet in werking sou getree het, sou dit in een opsig 'n verandering ten opsigte van die vise-presidentsamp meegebring het, want volgens die vroeëre grondwette moes die vise-president ook opgetree het as die staatspresident deur liggaams- of verstandsgebreke, d.w.s. deur siekte verhinder was om sy pligte na te kom.

Die Grondwetshersieningskommissie van 1899 het ook met die feit rekening gehou dat dit kon gebeur dat die vise-staatspresident, wanneer hy verplig was om op te tree, self daarvoor onbekwaam mog wees. Daarom het hulle aanbeveel, en is hulle aanbeveling deur die Volksraad aanvaar, dat in so 'n geval die senior lid, wat dienstyd betref, van die Uitvoerende Raad in die plek van die vise-staatspresident moes tree en dat hy die Eerste Volksraad onmiddellik moes byeenroep.[136)]

Andersins het die vise-staatspresident van die Z.A.R. geen spesiale funksie gehad nie. Alles in oënskou geneem moet mens ten slotte saamstem met wat die redakteur van De Volksstem alreeds in 1887 geskrywe het,[137)] naamlik dat aan die vise-staatspresidentsamp meer waarde geheg is as wat die betrekking in werklikheid verdien het.

---

136) Konsep-grondwet, 1899, art. 89, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 803, 9 Aug. 1899.
137) Uitgawe van 21 Julie 1887.

## SLOT.

Die feitlik een-en-twintigjarige stryd wat sedert die aanvang van die Groot Trek in die binneland van Suid-Afrika om die totstandkoming van ŉ staatshoofskap gestry is, kon nie verhoed dat die Z.A.R. sedert 1857 oor ŉ permanente staatspresident beskik het nie. Ten spyte van verwarde begrippe en swak kennis van regeringsinrigting, wat o.a. ŉ anti-staatshoofskapsgedagte tot gevolg gehad het, en ten spyte van die kwaai stryd wat die Volksraadsgesinde groep, veral in Transvaal, teen die totstandkoming van ŉ uitvoerende gesag gestry het, het natuurlike omstandighede en toestande die eis om ŉ politieke leier en staatshoof steeds dringender gemaak. Daar was veel staatshoofskapswerk te doen. Die Volksraad het in Natal sowel as in Transvaal probeer om in die gebrek van ŉ staatshoof te voorsien deur self die uitvoerende pligte vir hulle rekening te neem, maar telkens het dit op ŉ jammerlike mislukking uitgeloop. Noodgedwonge moes die kommandant-generaal of hoofkommandant telkens inspring, sodat hy nie alleen die nie-amptelike staatshoof van die Trekkergemeenskap geword het nie, maar ook deur die buitewêreld as sodanig erken is. Slegs een keer het die Trekkers oor ŉ politieke leier beskik, naamlik in die persoon van Retief, en hoe geslaagd die eksperiment ook al mog gewees het, het die Trekkers, veral onder invloed van Gert Maritz en sy volgelinge, se ultra-demokratiese opvattinge hulle totaal verblind vir die voordele en noodsaaklikheid wat aan so ŉ politieke leierskap verbonde was. Hierdie stryd, wat in Natal ontstaan het, het hom op Transvaalse bodem uitgewoed, totdat sedert 1855 telkens pogings aangewend is om ŉ staatspresident aan die hoof van die uitvoerende gesag in die Republiek te stel. Eers in 1858 kon hierdie ideaal ten volle verwesenlik word.

Nog steeds bevrees vir ŉ eenmansregering, is die staatspresident van die Z.A.R. deur die Grondwet so goed as moontlik aan bande gelê om te voorkom dat hy tot ŉ outokratiese heerser sou ontaard. In alle opsigte is sy hele optrede en al sy handelinge aan ŉ deeglike kontrole onderwerp, hetsy aan dié van die Volksraad, hetsy aan dié van die Uitvoerende Raad.

As uitvoerende hoof van die Republiek is sy magte en pligte vir hom haarfyn deur die Grondwet en

ander wette voorgeskryf, maar tog kon dit 'n staatspresident, soos byvoorbeeld Burgers en veral Kruger, nie verhoed om veel meer as 'n blote uitvoerende amptenaar en willose werktuig in die hande van die Volksraad te wees nie. Die toegeneëntheid van die volk teenoor Kruger byvoorbeeld, hulle vertroue in hom, sy opregte patriotisme en sy sterk persoonlikheid, het alles daartoe bygedra dat hy nie net hoof-amptenaar van die Republiek was nie, maar dat hy in alle opsigte hoof van die Republiek en leier van die Regering sowel as die volk geword het. Hy was nie slegs uitvoerder van wette en besluite nie, maar het in die praktyk self die stuurman van die staatskip geword.

Hoewel deur die Grondwet alle wetgewende bevoegdhede vir die Volksraad gereserveer is, is ook deur die Grondwet aan die staatspresident onder andere die reg gegee om self wetgewing by die Volksraad in te dien en om aan die beraadslaginge in die Volksraad deel te neem. Dit was bevoegdhede wat aan die staatspresident 'n besondere mag teenoor die Volksraad verleen het, en indien die staatspresident geweet het hoe om van hierdie magte gebruik te maak, kon dit hom 'n uiters belangrike rol in die wetgewing van die land laat speel. Inderdaad was dit die geval met presidente Burgers en Kruger wat in persoonlikheid en verstandelike gawes ver die meerdere van die Volksraadslede was en wie se wetsvoorstelle baie selde deur die Volksraad geweier is. Die staatspresident het ook in hierdie besondere posisie teenoor die Volksraad gestaan dat hulle geen mosie van wantroue in hom kon stel nie, en by 'n eventuele botsing tussen staatspresident en Volksraad, kon die staatspresident, as gekosene van die volk, hom nog altyd op die volk beroep deur byvoorbeeld sy betrekking te bedank. Dit alles in aanmerking geneem, het die geskiedenis van die presidentskap in die Z.A.R. onteenseglik bewys dat, hoewel die staatspresident deur die onderskeie wette so gebind was dat hy in teorie geen selfstandigheid besit het nie, hy in die praktyk ook in die wetgewing van die land 'n magtige figuur was, sodat hy inderdaad die hoofwetgewer van die Republiek geword het.

Alleen ten opsigte van die regspraak kon die staatspresident geen direkte invloed uitoefen nie. Indien die wette van so 'n aard was dat dit vir die president moontlik sou wees om dit te kon doen, sou dit 'n

uiters ongewenste toestand afgegee het. Tog kon die president deur die seggenskap wat hy in die aanstelling van regters gehad het die regspraak van die land aansienlik bevorder.

Hoewel nie opperbevelhebber van die militêre mag van die staat nie, is die staatspresident van die Z.A.R. deur die verskillende magte en bevoegdhede wat ten opsigte van die krygsmag aan hom toevertrou is, feitlik tot hoof van die militêre mag verhef en kon hy dit na goeddunke gebruik. Die feit dat die opperbevelhebber van die krygsmag aan die staatspresident ondergeskik was, het die president feitlik tot opperbevelhebber van die krygsmag verhef en hom in staat gestel om 'n uiters belangrike rol te speel wanneer oorlog gevoer word.

Die beginsels wat die staatspresidentskap ten grondslag gelê het, was gesond. 'n Mens se grootste bewondering word gewek vir die wyse waarop 'n in regeringsake onervare volk die amp gereël het en vir die wyse waarop dit deur verskeie persone in die Z.A.R. beklee is. Die aansien wat die amp van staatspresident geniet het, nie net in die Z.A.R. nie, maar ook in die buitewêreld en vandag nog, was hoofsaaklik te danke aan die persoon wat die amp gedurende die laaste twintig jaar van die bestaan van die Z.A.R. beklee het, naamlik Paul Kruger. Hoewel daar in konstitusionele opsig sedert 1885 nie veel veranderinge ten opsigte van die presidentsamp plaasgevind het nie, het dié amp tog 'n geweldige groot ontwikkeling deurgemaak, wat hoofsaaklik aan die persoonlikheid en bekwaamheid van president Burgers maar veral aan dié van die ongeleerde seun van die land, Paul Kruger, toegeskryf moet word.